CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

November 2013

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Conradt Esterhuysen	ZS1ES	zs1es@bark.org.za
Jan van der Vyver	ZS1VDV	zs1vdv@bark.org.za
Rassie Erasmus	ZS1YT	zs1yt@bark.org.za
Douglas Defty	ZS1DUG	zs1dug@bark.org.za
Olivier van Staden	ZS1OLI	zs1oli@bark.org.za
Fabian Palm	ZR1FQ	zr1fq@bark.org.za

Gekoöpteerde Lede

Deon Heydenrych	ZS1G	zs1g@bark.org.za
Deon Coetzee	ZR1DE	pib@bark.org.za

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 07H45
Frekwensies: 3670kHz, 7092kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF **FACEBOOK**

Bark.org.za facebook.com/bolandamateurradioklub

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na BARK se volgende ledevergadering op Saterdag 14 Desember 2013 om **11:00** te Redwood Hill. Die plaas is op die Wellington / Hermon pad. Olivier, ZS1OLI, is ons gasheer.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, of op disket gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

Redaksie epos: zr1fq@bark.org.za

Posadres: CQ Boland Posbus 273 STRAND 7139

VAN DIE VOORSITTER

So kom ons aan die einde van nog ‘n aktiewe jaar in die geskiedenis van BARK met ons laaste ledevergadering net om die draai. Ek sien uit daarna om u almal by die vergadering te sien en vertrou dat dit ‘n groot bymekaarkoms sal wees.

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om almal wie ‘n bydrae gelewer het aan BARK gedurende die afgelope jaar, te bedank. Sonder u bydrae en teenwoordigeid by vergaderings asook ander byeenkomste sal BARK stagneer. Laat my toe om vir Johan ZS1RX en vir Karl ZS1KC uit te sonder. Julle toewyding aan BARK word baie waardeer.

‘n Geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige 2014 aan u en u gesin.

Conradt
ZS1ES

BARK SE WEBWERF

Besoek asseblief BARK se webwerf. U sal dit kry by bark.org.za. Deon, ZS1G, is ons webmeester. Wat is interessant op die webwerf? U kan onder andere die volgende daar kry: Die Ou Foto Album (voortgesit op Facebook), CQ Boland, Nuus, Verjaarsdae, Bulletins en nog baie meer.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 14 DESEMBER 2013

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 14 Desember 2013, om **11:00** te Redwood Hill naby Wellington. Bring alles saam wat u nodig het om te braai. Dit sluit die rooi-koeldrank in.

Dankie aan Karl, ZS1KC, wat die pad vir ons gaan verken het en foto’s geneem het. Sien die aanwysings hieronder.

Karl sê:

10,9 Km vanaf die afdraai in Wellington is die Redwood Hill indraai.

Die pad split na 60M, hou regs.

11.2Km, regs deur plaasingang

12.6Km, grondpad word teerpad

13.1Km, Opstal agter groot grasperk


REDWOOD HILL
R44
R45
R45
R45
R44
Bergrivier
Hermon Rd
Lady Loch Rd
Wellington
Champagne St
Church
Rose
Berg
Piet Retief
REDWOOD HILL (103)
OLYFENBOOM BOERDERY (102)
ARBORETA NURSERY (104)
OLYFBOOM
KLEIN DE RUST ESTATE

DUPP ZR6FT (ZR1FT) SE SLEUTEL WORD STIL

Gedurende hierdie kwartaal het ons afskeid geneem van Duppie du Preez. Dupp was ‘n lid van Boland Amateur Radio Klub tot en met hy verhuis het na Gauteng. Ons innige simpatie aan sy familie.

APRSDROID

Deur Johan, ZS1RX

Daar is nou ‘n goedkoop oplossing vir u wat graag APRS wil gebruik maar nie ‘n spaar radio en GPS vir u voertuig het nie.

Die van u wat Android fone het kan nou ‘n programmetjie aflaai met die naam van APRSdroid. Die program is relatief maklik om op die selfoon te installeer. U skakel u selfoon se GPS aan en loop die program APRSdroid en dit is so maklik soos dit.

Ek gebruik dit en u kan my volg op http://aprs.fi.Die roepsein is ZS1RX-14.

CQ HOU KOERS EN WES-KAAP NAGMARS 2013

Deur Johan, ZS1RX

CQ Hou Koers, Die Voortrekkers se nasionale amateurradio dag, het vanjaar plaasgevind op Saterdag 19 Oktober. Gedurende hierdie geleentheid kan Die Voortrekkers per radio met ander Voortrekkers en Scouts van regoor Suid-Afrika en Namibië gesels. Vanjaar se CQ Hou Koers vir Die Voortrekkers was aangebied deur lede van BARK te Wellington.

Johan, ZS1RX en Jan, ZS1VDV verduidelik aan die Voortrekkers hoe om ’n radio te gebruik.

Die BARK span het bestaan uit: Jan ZS1VDV, Francois–ZS1FAS, Andre - ZU1KOK, Rone - ZU1RX en Johan – ZS1RX.

Gedurende die oggend was Die Voortrekkers geleer hoe om oor ’n radio te praat. Daarna het Jan, ZS1VDV vir hulle ’n “Verbind en Vind” laat doen vir praktiese ondervinding. Laasgenoemde was geskoei op BARK se “Verbind en Vind”.

Die Hoofleier van Die Voortrekkers se boodskap kon nie ontvang word nie aangesien die 40M band toe was met die uitsending.

Die aand het die Wes-Kaap se Voortrekker nagmars plaasgevind. Die BARK span was verantwoordelik vir die kommunikasie gedurende hierdie geleentheid. Danksy aan goeie kommunikasie en Andre, ZU1KOK, wat verdwaalde spanne moes gaan soek, was daar geen ernstige verdwaal gevalle nie.

Baie dankie aan almal van BARK wat gehelp het om van hierdie geleentheid ’n sukses te maak.

ZS1AAB
Ek het gedurende 1978 as luisteraars lid by Die S.A.R.L aangesluit en outomaties dus by Tak Boland. Die volgende jaar 1979 die roepsein ZR1HR en vroeg in dieselfde jaar ZS1AAB. Sederdien het ek en Rina (behalwe ongeveer 6) vergaderings van Tak- en Klub Boland bygewoon. Dit was altyd besondere aangename byeenkomste.

Ongelukkig kon Rina nie die laaste vergaderings bywoon nie. Ek het vir n tydperk ook die CQ Boland kwartaal tydskrif behartig. Fondse was daar nie en ons het maar op drup en bid maniere die spul aan die gang probeer hou. ***Joe en Rina Haarhoff***

HOE SLUIT EK BY BARK AAN? HOE HERNU EK MY LIDMAATSKAP

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Gaan na BARK se webwerf by http://bark.org.za Gaan na Aansoek/Hernu vorm en voltooi die informasie wat verlang word. Of gaan direk na http://bark.org.za/?page_id=290 Doen ‘n internet betaling in BARK se rekening in. Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA.
Takkode: Internet - 632005, Toonbank – 334312.
Rek No: 429720974.

Ledegeld vir ‘n gewone lid is R100,00 en vir ‘n skolier of student R50,00

PSK APP VIR ANDROID

Deur Fabian, ZR1FQ

DroidPSK is ‘n toepassing om BPSK31 te dekodeer. Dit is baie handig vir portable PSK gebruik en werk deur die mikrofoon van jou Android telefoon of tablet.

Jy hou net jou Android foon of tablet naby die luidspreker van jou HF amateur radio en verstel die waterval verstel knop na die draer frekwensie. DroidPSK sal dan self begin dekodeer. In uitsaai mode kan karakters deur middel van die sleutelbord ingetik word. 9 Makros is beskikbaar vir die storing van standaard teks soos “Name and QTH”, “Station Info,” ens. Alle makros kan maklik gedefinieer word met die sleutelbord en later in die logbook ingevul word. Roepsein, Naam en RST, bv kan maklik in die logbook ingevul word van die ontvangsskerm. Die logbook bevat ook ADIF invoer en uitvoer funksies om maklik jou logboek data na jou PC oor te dra.

Die voorgestelde bande vir PSK is:

160m- 1838.15KHz	80m- 3580.15KHz	40m- 7035.15KHz
30m- 10142.15KHz	20m- 14070.15KHz	17m- 18100.15KHz
15m- 21080.15KHz	12m- 24920.15KHz	10m- 28120.15 KHz



Besoek gerus die webblad http://www.wolphi.com/ham-radio-apps/droidpsk/drodipsk-manual/ vir vedere inligting oor hierdie en ander handige toepassings vir amateur radio. Jy kan ook direk na Google Play Store toe gaan vanaf jou Android foon of tablet vir die aflaai van hierdie en ander toepassings.

LEER MORSE KODE

Deur Fabian, ZR1FQ (Bron: Wikipedia)

Morse kode is ‘n metode waarvolgens teks gesein word as ‘n reeks ‘dits’ en ‘dahs’ deur die sein ‘aan en af te skakel’ met ‘n morse kode sleutel gekoppel aan ‘n amateur radio versender. Internasionale morse kode is gebaseer op die standaard Latynse alfabet en bestaan dus uit 26 letters. Elke karakter, en die nommers nul tot nege, word verteenwoordig deur ‘n spesiale volgorde van ‘dits’ en ‘dahs’. Die durasie van ‘ n ‘dah’ (dash) is 3 keer die lengte van ‘n ‘dit’ (dot). Elke dot, of dash, word gevolg deur ‘n stilte gelykstaande aan die durasie van die dot. Die letters van ‘n woord word geskei deur ‘n spasie gelykstaande aan 3 dots (een dash).

Morse kode is vandag nog gewild onder radio amateurs en werk baie goed saam met QRP uitsendings. Die mees bekende reeks morse kode letters is sekerlik SOS. Dit is ‘n internasionale erkende noodsein en bestaan uit 3 dots, 3 dashes en 3 dots.



Vir diegene wat nog altyd graag morse kode wou leer, of hulle morse kode vaardigheid wil verskerp, is dit nou makliker as ooit. Daar is verskeie aanlyn hulpbronne, soos byvoorbeeld hierdie een by www.justlearnmorsecode.com



Die program werk baie goed en maklik en kan afgelaai word by http://www.justlearnmorsecode.com/download.html. Jy tik eenvoudig die woord/e in die teks blok wat jy na will luister in morse kode en druk die speel pyltjie. Daarna word die woord/e vir jou terug gespeel in morse kode!

Natuurlik is daar ook ‘n Android App vir morse kode. Hierdie app van Wolphi gebruik die ingeboude mikrofoon van jou Android foon of tablet om morse kode te dekodeer in teks, wanneer dit naby jou amateur radio sender gehou word. https://play.google.com/store/apps/details?id=com.wolphi.cw&hl=en

BARK SE NUUS-BULLETINS

Gedurende hierdie kwartaal was die nuus gelees deur: ZS1ASV- Anton, ZS1TOX- Margaretha, ZS1JLB- Louis en ZR1FQ- Fabian. Baie dankie aan hierdie lede vir hul opoffering. Kom ons maak, in die toekoms, hierdie lys nog sommer baie langer.

BOLAND AMATEUR RADIO KLUB VERGADERING

ZS1ADL (Adriaan Dissel) en ZS1JDL (Johan Dissel).

Ledevergadering en spesiale algemene vergadering:

Die Boland Amateur Radio Klub se kwartaallikse ledevergadering het plaasgevind op die plaas Redwood Hill, Saterdag 12 Oktober 2013, naby Wellington.

Gedurende die vergadering is ere lidmaatskap van die Boland Amateur Radio Klub aan Johan, ZS1RX toegeken.

Na die vergadering het ’n Spesiale Algemene Vergadering plaasgevind onder leiding van Rassie, ZS1YT. Die doel van die SAV was om die grondwet te wysig en om ’n komitee te verkies.Die mosies soos wat in die vorige CQ Boland gepubliseer was, is deur die lede aanvaar.

Karl, ZS1KC en Johan, ZS1RX het hulself nie weer beskikbaar gestel om op die komitee te dien nie. Hulle is bedank vir dit wat hulle oor die jare vir BARK gedoen het. Daarna is die nuwe komitee verkies.

Boland Amateur Radio Klub komitee is as volg:

Voorsitter –	Conradt, ZS1ES.
Sekretaris –	Jan, ZS1VDV.
Finansies –	Rassie, ZS1YT.
QSL –	Douglas, ZS1DUG.
Spesiale geleenthede –	Olivier, ZS1OLI
CQ Boland –	Fabian, ZR1FQ

Baie dankie aan die vorige komitee vir julle toewyding en die goeie diens wat julle gelewer het. Die nuwe komitee word alle sterkte toegewens met hul taak vorentoe.

Die volgende 32 persone was by die vergadering aanwesig:

ZS1VDV – Jan	ZS1GVW- Granville
ZS1BSW- Stephen	ZS1SK- Hennie
ZS1BO- Theo	ZS1AAB- Joe
ZS1AK- Smittie	ZS1JLB- Louis

ZS1BOB- BOB
ZS1L- Alex
ZS1SE- David
ZS1NHT- Norman
ZS1ES- Con
ZR1FQ- Fabian
ZS1JDL- Johan
ZS1WZ- Hans
ZS1MC- Martin
ZS1PBS- Benna
ZS1MOM- Carol
ZS1TOX- Margaretha
ZS1RX – Johan
LV van ZS1RX- Alma

ZS1AN- Andre
ZS1VD- Danie
ZS1DDK- David
ZS1ASV- Anton
ZS1 DUG- Douglas
ZU1N- Jonathan
ZS1ADL- Adriaan
ZS1AAZ- Henry
ZS1F- Andre
ZR1ABI- Helmar
ZS1OLI- Olivier
ZS1ACD- Henk
Karl - ZS1KC
LV van ZS1ASV- Elsa

BOLAND AMATEUR RADIO KLUB OP FACEBOOK

Boland Amateur Radio Klub het al ‘n geruime tyd ‘n teenwoordigheid op Facebook. Die BARK Facebook Blad is ‘n goeie aanvulling vir die Webblad van BARK. Dit is‘n lekker plek vir die plasing van fotos en idees of net om saam te gesels en kommentaar te lewer oor alle aspekte rakende die klub en amateur radio in die algemeen.

Daarbenewens word daar ook gereeld (sodra updates beskikbaar is) verslae geplaas oor die huidige stand van die herhaler netwerk asook inligting oor moontlike probleme met spesifieke herhaler terreine. Kom loer gerus in en gesels saam. Kom ons kyk of ons die klub se Facebook Blad na oor die 100 ‘likes’ kan bevorder in die Nuwe Jaar. Besoek BARK se Facebook Blad by facebook.com/bolandamateurradioklub.

MAKLIKE J-POLE ANTENNA VIR DIE 2 METER BAND

Deur Fabian, ZR1FQ (Bron: hamuniverse.com/jpole)

Kyk, ek sal die eerste een wees om te erken dat ek feitlik geen tegniese amateur radio kennis of “skills” het nie. Ek is meer ‘n praktiese ou wat vir jou enigiets sal maak solank jy vir my ‘n goeie plan gee en net versoek dat die objek (wat ek gaan moet bou) werk sonder om te wil weet wat die wetenskap is wat dit maak werk. Een so ‘n lekker maklike plannetjie is die een van die J-Pole. Dit is my eerste (en sover enigste) antenna, en hy werk (verbasend) baie goed! So as julle my op Sondae ‘n bulletin hoor lees, dan kan julle maar weet hy word uitgestraal van my koper J- Pole wat ek gebou het uit die plannetjie hieronder.

So maak jy:

Die plan se prentjie is feitlik vanselfsprekend. Jy sny net jou 15mm koper pyp (verkieslik Klas 1 of dikker) presies volgens die dimensies aangedui. Dan soldeer jy die seksies aan mekaar met ‘n gas vlam en soldeersel wat gemaak is vir die soldeer van koper pyp.

Onthou om die pyp en die pyp koppelings goed te smeer met koper soldeer flux! Let daarop dat die 50 Ohm co-ax direk op die antenna gekoppel word met die co-ax middle geleier op die lang been van die j-pole en die co-ax “shield” op die kort been van die antenna. Die antenna is baie “tough” en myne het al meer as 3 seisoene se erge storms oorleef sonder enige skade aan die antenna. Jy kan die antenna met ‘n clear coat verf indien jy die glans van die koper wil behou, of selfs wit verf. Dit benadeel geensins die antenna se werking sou jy dit wou verf.



GRONDWET VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Die doelwit van BARK is om die belange van al sy lede vir alle fasette van amateurradio en verwante aktiwiteite te bevorder.

Om die SARL te ondersteun en die lede van BARK aan te moedig om by die SARL aan te sluit**.**

Besoek Bark se Webblad vir die volledige grondwet met onlangse wysigings by http://bark.org.za/?page_id=1451

NET BETYDS VIR KERSFEES! (BYLAAG UIT CQ BOLAND NOV 2008)

MAKLIKE KERSKOEK RESEPPIE

(Hierdie is die maklikste resep ooit!)

Bestanddele:

1 Koppie Water
1 Teelepel Koeksoda
1 Koppie Suiker
1 Teelepel Sout
1 Koppie Bruin Suiker
Suurlemoensap
4 Groot Eiers
Neute
1 Bottel Brandewyn
2 Koppies droë Vrugte

Metode:

1. Proe die Brandewyn om die gehalte te toets.
2. Neem 'n groot mengbak en proe die Brandewyn.
3. Maak seker dis die beste gehalte, skink een koppie vol en drink dit. Herhaal.
4. Skakel die menger aan. Klits een koppie botter in 'n donsige bak.
5. Voeg 'n teelepel suiker by. Klits weer.
6. Maak seker die Brandwyn is sjteeds goed.
7. Drink nog 'n koppie vir die wis en onwis.
8. Skakel die menger af.
9. Breek twee eiers, gooi dit en die droëvrugte by. Tel die vrugte van die vloer af op. Meng die skakelaar aan.

10. As die droëvrugte vassjit, sjkroewedraaier dit losj.
11. Proe die Brandewyn vir gifterigheid. Sif nou twee koppies sout of so iets. Wie gee om? Proe die
12. Brandewyn. Sif die suurlemoenspa, dreineer die neuter en gooi 'n tafel by.
13. Dan een lepel sjuiker, of sjo ietsj. Wat jy ook al kan kry.
14. Smjeer die oond. Draai die koekpan 360□ en moenie val nie.
15. Menger die afskakel.
16. Gooi die bak deurrie venster en drunkie laasjte Brandewyn op.

Gekersde Seënfees!

VAN Boland Amateur Radio klub
Posbus 273
STRAND
7139